LAER VOLKSKOOL

Posbus 84, Heidelberg, GP 1438
Voortrekkerstraat 15, Heidelberg, GP 1441
Tel.: (016) 341 6216/7
Faks.: (016) 341 2900
E-pos: laervolk@netactive.co.za
Webblad: www.laervolkskool.co.za

03-05-2016

Geagte Ouers en Leerder

OMSENDBRIEF 15 VIR 2016

HOUDING / WAARDE:

VOLKIES SE WAARDES IS:

G - GELOOF
R - RESPEK
I - INTEGRITEIT
L - LOJALITEIT

HEMELVAART VIND PLAAS OP 5 MEI 2016.

Kairos Dagmark vind plaas op 23 Julie 2016 vanaf 08:00 - 17:00.
R150 per stalletjie. Kontak vir Liz Spoelstra by 0163417020 of 0834255987

1 **GR 1 - 2017 INSKRYWINGS:**
Ouers moet asb kennis neem dat Graad 1 -2017 inskrywings sluit op 31 Mei 2016.

2 **BYBELVASVRA**:
Die eerste rondte van die Bybelvasvra skuif vanaf 13 Mei 2016 na 18 Mei 2016 by Midvaal.

3 **ATKV-REDENAARS**:
Sterkte aan al die leerders wat Saterdag, 7 Mei 2016 aan die ATKV-Redenaars deelneem.

4 **KOOR**:
Slegs Seniorkoor oefening op Woensdag.

5 **STUDIEMETODE KLASSE:**
Die Studiemetode klasse begin Woensdag, 4 Mei vir Graad 5 leerders. Daar vind 3 agtereenvolgende klasse plaas. Dit is belangrik dat leerders al drie klasse bywoon. Klasse is op die volgende datums: 4/5; 11/5; 18/5 - vanaf 16:00 - 16:50.
Bring asb die volgende saam: "Highlighters, skryfblok boek, gekleurde penne. Klasse vind plaas in Juf Sanet Strydom se klas. Klasse word aangebied deur Juf Helanie Willemse.

6 **SKAAK**:
Daar is Woensdag oefening vir al die Seniors 14:30 tot 15:30.

7 **HEMELVAART**:

Ons vier Hemelvaart op Donderdag, 5 Mei met 'n diens vir die leerders en onderwysers om 10:00 by die Klipkerk.

Die skool sal om 12:00 verdaag. Die reëlings is as volg:

- Leerders moet die onderstaande skeurstrokie terugbring skooltoe en by sy/haar register-onderwyser inhandig.
- Leerders word nie vroeër uitgeteken nie.
- Geen leerders mag die skoolterrein op 5 Mei verlaat as hul ouers nie die skeurstrokie by die klasonderwyser wys nie. Geen leerder mag die skoolterrein verlaat sonder sy/haar ouers nie. Indien die reëling nie nagekom word nie, word die vergunning teruggetrek vir die toekoms.
- Indien ouers nie alternatiewe reëlings kan tref vir leerders wat vroeër verdaag nie, sal hier toesig wees tot 13:30.

8 **NETBAL**:

- Baie sterkte aan al ons netbalspanne wat vandag ligawedstryde speel teen Laerskool DF Malherbe.
- Daar is Donderdag, 5 Mei geen oefening nie a.g.v. Hemelvaart.
- Ons speel Donderdag, 12 Mei 2016, tuis teen Laerskool Risiville.

9 **RUGBY**:

- PA EN SEUN RUGBYDAG IS OP 21 MEI - BULLE VS STORMERS OP LOFTUS!
- Alle skeurstrokies en gelde MOET reeds inbetaal wees.
- Baie sterkte aan al die rugbyspanne wat vanmiddag teen Laerskool Vaalpark speel.
- Ons speel Donderdag, 12 Mei 2016, tuis teen Laerskool Risiville.

10 **KULTUURAAND 2017:**

Kultuuraand 2017 vind plaas op Vrydag, 17 Februarie 2017. Ons gaskunstenaar is Adam Tas. Kaartjies gaan beskikbaar wees teen R300 per kop. U kan nou al u tafel bespreek by Chrisna 0760519176.

11 **WILDSFEES**:

Ons jaarlikse Wildsfees vind plaas op Saterdag, 4 Junie 2016. Kaartjies of tente vir 30 gaste, is beskikbaar by Chrisna.

Vol = R150 per kop; Hoërskool leerders = R80 en Laerskool leerders = R50

12 **HEIDELBERG EISTEDDFOD:**

Heidelberg Eisteddfod vind plaas vanaf 24 Julie - 6 Augustus, asook Saterdag, 13 Augustus by Heidelberg Public School. Sluitingsdatum vir inskrywings is 31 Mei 2016.

Kostes:

Individueel: R80 p/inskrywing Duet: R120 p/inskrywing

Klein groepe: R150 p/inskrywing Groot groepe: R200 p/inskrywing

Alle inskrywingsvorms, gelde en navrae is by Juf Helanie Willemse in klas 2.

(Heidelberg Eisteddfod sluit alle afdelings in).

Inskrywings en vorms sal beskikbaar wees vanf Maandag, 18 April. Bring asb. die regte gelde, kleingeld is nie beskikbaar in klas nie.

13 **SUIKERBOSRAND EISTEDDFOD:**

Suikerbosrand Eisteddfod vind plaas vanaf 1-9 Junie (Groep 1) en September (Groep 2). Inskrywings vir Groep 1 sluit 29 April 2016.

- Groep 1 bestaan uit Afdeling A: Afr en Eng voordrag
  Afdeling B: Redenaars
- Eisteddfod vind plaas by die TPA saal, Heidelberg

Kostes:

Individueel: R35 per inskrywing Groepe: R90 per inskrywing

Inskrywings en gedigte is beskikbaar vanaf Maandag, 18 April 2016.

Gedigte en inligting asook inskrywings word gedoen by Juf Danéll Oosthuizen, klas 6.

Bring asb. die regte gelde! Kleingeld nie in klasse beskikbaar nie.

14 **MINI-RUGBY EN -NETBALDAG:**

- Ons skool bied op Saterdag, 14 Mei 2016 die Mini-Rugby en -Netbaldag aan vir 8 skole by Hoër Volkskool se velde. Al ons ouers word genooi om die dag saam met ons te kom geniet en die spelers te ondersteun.
- Mini-Rugby en -netbal wedstryde is Saterdag, 7 Mei by Laerskool Midvaal. Die wedstryde begin om 08:00.

15 **KLUB 1907:**

Hiermee wil ons julle laat weet dat ons Vrydag, 6 Mei 2016 om 16:00 'n Olifant veiling hou by die Paradys te Laer Volkskool.

Wat dit behels:

- **Veiling van goedere** wat uit die Volkie stoor kamers kom. Bring julle kontant saam.
  - Dit sluit in maar is nie uitsluitlik tafels, stoele, borde, ens.
- **Wyn Veiling**
  - Bring asb. 'n bottel wyn as skenking vir die klub en ons sal dit opveil ter fonds insameling vir die Klub.
  - Bring ook asb julle beursies om wyn te koop.
- Julle is dan ook welkom om 'n **stalletjie te kom opslaan** op die terrein om julle eie produkte te verkoop.
  - Ons vra dan vir 'n donasie vir die gebruik van die grond.
- Laastens het **Dankbaar slaghuis** aangebied om **braai pakkies te verkoop** op die dag sodat ons lekker kan braai en kuier.
  - Ons sal sorg vir die braaiers en houtskool.

16 **HARTKLOP**:

Ouers, ons vra weer u hulp om ons voorrade aan te vul vir ons behoeftige gesinne vir die winter! U kan stuur wat op u hart is! Beddegoed, skoonmaakgoed, blikkies kos, klere, skoene, is alles welkom. Kontak gerus vir Mev Hilda Griffiths by 0714345277 vir enige verdere navrae.

17 **AKADEMIESE SPAN VIR 1STE KWARTAAL 2016:**

GRAAD 4	GRAAD 5	GRAAD 6	GRAAD 7
Baird Kay-lee Christiaan Jordaan Estelle Labuschagne Géorg Fritz Henken Gerrit Huisamen Botha Jordaan Anna Marcus Venter Marx Ju-Viné Mulder Elri Nandelé Faure Potgieter Schalk Roxanne Roos Telisa van Heerden Tiané Steyn Van der Walt Louis Wentzel Matthew	De Beer Michael Dercksen Carlé Everson Petrie Goodes Abby Grundling Liané Harvey Jordan Harvey Kaylee Herbst Ethan Krüger Ruané Labuschagne Steph Lee JP Luës Matthew Pieters Dené Potgieter Johannes Pretorius Suaté Sprong André Strydom Hanré Van Tonder Marli	Cloete Alisna Coetsee Keanu Cronje Estian De Sousa Jarmin Dominique De Villiers Lisa-Marie Dercksen Vané Du Plessis Marli Fourie Miné Gani Mohamed Iqbal Sufya Kotzé Karli Krüger Marjoné Kriel Zander Lombard Ivan Maré Herman Mulder Christof Olivier Ruben Pretorius Nuschka Rossouw Jean Schoeman Marli Stimie Reuben Van Wyk Schalk Willemse Sariné	Baird Chanté Barnard Ruan Beukes Yuka Beyers Anri Cronje Mika D'Arrigo Giacomo Du Plessis Jana Fouché Janca Grobler Stefan Hoffeldt Zilke Kruger Solitha Lochner Gerco Meyer Themedia Oelofse Anja Oosthuizen Celine Roux Roux-Ché Strydom Chrisanne Van Niekerk Claryn Van der Spuy Cade Verwoerd Danielle

Volkiegroete

P. STRYDOM
HOOF